

# **“Dit is hoog tyd dat ons iets oor die tyd sê!” - Nuwe Testamentiese perspektiewe op die laaste dae\***

S J Joubert  
(UP)

## **ABSTRACT**

**“It is high time that we say something about time!” New Testament perspectives on the last days**

*In this article Mediterranean views on time prevalent during the New Testament period, are discussed. The discussion is preceded by an overview on apocalyptic thought in early Judaism(s), around the first two centuries BCE. The discussion on Mediterranean views on time is followed by an analysis of New Testament perspectives on the concept of time, as influenced by the impact of the Christ-event on early Christians' understanding of the past, present and future. Various theological explanations for the delay of the “parousia” by New Testament authors, such as Paul and the authors of 2 Peter and Revelation, also receive attention.*

“Ons is die laaste geslag, ‘the terminal generation’”, hier op aarde, skryf John Hagee onlangs<sup>1</sup>. Die wêreldwye kennisontplofing; groot siekte epidemies; die stiging van die staat van Israel in Mei 1948, en verbeterde wêreldwye kommunikasie, is volgens hom alles aanduidings van die snel naderende einde. Bespiegelings rakende die laaste dae en die wederkoms is natuurlik geen nuwigheid in die kerk nie. Maar dit is veral tydens traumatiese gebeure soos groot natuurrampe, oorloë, die aanwesigheid van uitsonderlike sterrekonstellasies in die hemelruim, en, soos tans, die nadere millenium wenteling, dat belangstelling in die apokaliptiek nuwe hoogtes, selfs ’n tipe massa-histerie bereik.

## **1 DIE EINDE IS VOOR DIE DEUR, EEUE LANK AL!**

Daardie “geheimsinnige” Bybeltekste wat praat van dinge soos die dag van die Here (Am 5:18; Jes 13:6); die tekens van die tye (Matt 24), of die merk van die dier (Op 13), hou ’n tydlose bekoring vir vele mense in.

\*Referaat gelewer tydens opening van die Teologiese Fakulteit (Afd B) aan die Universiteit van Pretoria op 2 Februarie 1999.

Daarom dat baie persone hulleself deur die loop van die geskiedenis geroepe gevoel het om die “dieper” betekenis van hierdie tekste, wat kwansuis net hulle eie tyd geskryf sou wees, te ontsluit. Die bekende wiskundige, sir John Napier (1550-1617), het byvoorbeeld die gebeure in Openbaring “wiskundig” aan sekere datums in die wêreldgeskiedenis gekoppel<sup>2</sup>. Op sy beurt het die Amerikaanse prediker, William Miller, in die 1830’s bereken dat die 2300 dae tussen die ontheiliging en reiniging van die heiligdom waarvan daar in Daniël 8:14 sprake is, letterlik as 2300 jaar opgeneem moet word. Op grond hiervan bepaal hy aanvanklik dat die wederkoms in die jaar 1843 sou plaasvind. Meer spesifiek: hy identifiseer hierdie groot dag as 21 Maart 1843. Later wysig hy hierdie datum na 22 Oktober 1844. Nader aan ons eie tyd is dit veral Hal Lindsey wat bekend is vir sy boeke oor die eindtyd. Alhoewel hy in een van sy jongste pogings versigtig is om ’n dag en datum aan die wederkoms te koppel, is hy tog van oortuiging dat ons in die laaste dae kort voor die wederkoms leef, wat volgens hom met die stigting van die staat van Israel op 14 Mei 1948 begin het. Op vindingryke wyse verbind hy Jesus se woorde in Matteus 24:34 (“hierdie geslag sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie”) direk met die stigting van die staat van Israel. Daaruit konkludeer Lindsey: “He (Jesus) says that the generation alive at the time of the rebirth of Israel will still be around at the Second Advent”<sup>3</sup>.

Blaai mens deur die bladyse van die geskiedenis tot by die Jodedom van rondom die eerste twee eeue voor Christus, dan tref jy die wortels van hierdie belangstelling in die laaste dinge, of soos wat dit binne teologiese kringe bekendstaan: die apokaliptiek, reeds daar aan. Werke soos Daniël; 1 Henog; Jubileë; die Koemraan geskrifte; die Hemelvaart van Moses, en 4 Esra, om maar net ’n paar te noem, bied ’n boeiende kyk op die apokaliptiese wêreldbeeld wat in daardie tyd onder vele Jode posgevat het<sup>4</sup>.

Ter wille van die tema onder bespreking word die breë kontoere van hierdie Joods-apokaliptiese wêreldbeeld vervolgens aan die orde gestel, waarna Nuwe-Testamentiese siening van die eindtyd onder die loep geneem word.

### **1.1 Opbloei van die apokaliptiek**

Vanaf die tweede eeu voor Christus tref ons binne die Jodendom duidelike klemverskuiwings op wêreldbeskoulike vlak aan. Die impak van die wêreldwye helleniseringsproses sedert die vierde eeu voor Christus, sowel as die optrede van Antiogus Epifanes rondom 168 voor Christus op hierdie verskuiwings, word vandag wyd aanvaar en benodig geen verdere toeliquing nie. Teenoor die vroeëre profetiese sienings dat God se verlossing in

die geskiedenis sal realiseer deur middel van die heropbou van die tempel (Hag); die uitstorting van God se Gees (Joël 3; Eseg 36); die pelgrimstog van die nasies na Jerusalem (Miga 4); ensovoorts, verskuif die klem toenemend rondom die eerste twee eeue voor Christus na 'n Goddelike ingrype van buite die huidige geskiedenis. Die opvatting word al hoe sterker dat die huidige tydsbedeling oorgegee is aan vyandelike magte onder beheer van Satan, of soos wat hy ook bekend staan: Beliar (Testament van Josef; Sibelleense Orakels), Asasel (1 Henog), of Mastema (Jubileë). Lyding en boosheid word nou grootliks verklaar in terme van die optrede van Beliar en sy bose engele wat mense aanhits tot goddeloosheid. Slegs deur die kosmiese ingrype van 'n Messiaanse figuur (in Koemraan se Gemeenskapsreëls [9:11] is daar selfs sprake van twee Messiasse van Aäron en Israel), of deur 'n ingrype van God self, sal daar 'n einde kom aan hierdie bouse tydsbedeling.

Op 'n deterministiese wyse verloop die geskiedenis binne die Joodse apokaliptiek deur bepaalde fases of tydperke. Daniël en die Testament van Levi verdeel die geskiedenis byvoorbeeld in 70 jaar-weke, terwyl 1 Henog (10:12) die tyd tussen die sondvloed en die eindoordeel in 70 geslagte indeel. Op sy beurt vertel 2 Henog (33:2) dat die wêreldgeskiedenis 7000 jaar sal duur. Die regverdiges hoor egter dat die einde nie meer ver is nie (4 Esra 4:26vv). Die tyd se uurglas het byna leeggeloo. Die gemeenskappe aan wie hierdie apokaliptiese geskrifte gerig is, staan as 't ware op die brug tussen hierdie sondige bedeling en die komende nuwe bedeling van God. Slegte gebeure soos aardbewings, hongersnood (2 Barug 27:7-10), en die optrede van antichristelike magte (Daniël 7) moet daarom geduldig verduur word. Die regverdiges wat tot die einde toe volhard, sal binnekort beleef hoe die aarde deur water en vuur vernietig word, en hoedat hulle gered word (2 Barug 27:10). Die paradys (Testament van Levi 18:10), die nuwe Jerusalem (2 Barug 4:2-6), of 'n messiaanse ryk (4 Esra 7:27-30) sal dan hulle permanente nuwe woonplek wees.

## **2 DIE NUWE TESTAMENT**

Blaai mens deur die Nuwe Testament, dan kom jy gou agter dat die denken leefwêreld van die apokaliptiek 'n invloed op die vroeë kerk uitgeoefen het. Nuwe-Testamentiese temas soos die opvatting dat 'n goddelike ingrype uiteindelik 'n einde aan die aktiwiteit van alle teenmagte sal bring; die dualistiese spanning tussen hierdie wêreld en die komende nuwe bedeling; die terugkeer van die Seun van die mens; ensovoorts, dui daarop dat apokaliptiese interpretasies van die werklikheid nie net tot sekere Joodse

groeperinge beperk was nie. Aan die ander kant is apokaliptiese denke nie klakkeloos deur die vroeë kerk oorgeneem nie. Die grootste verskil tussen die voor-Christelike Joodse apokaliptiek en die resepsie daarvan in die Nuwe Testament is op kosmologiese vlak te bespeur. Die impak van *Christus se optrede* het naamlik die aard en inhoud van die eerste Christene se wêreldbeeld, en sodoende ook hulle verstaan van die tyd, grondliggend bepaal. Ten einde 'n Nuwe-Testamentiese beeld van die eindtyd te vorm, is dit noodsaaklik om nou in meer besonderhede by die Nuwe-Testamentiese siening van die tyd stil te staan.

## 2.1 Die geskiedenis: Mensetyd en gebeuretyd

In lyn met heersende Mediterreense beskouings word die Nuwe-Testamentiese tydsmodus aan die optrede van belangrike mense gekoppel. Hulle was as't ware die horlosies van hulle dag<sup>5</sup>. Wanneer 'n belangrike persoon sy opwagting by 'n groep/byeenkoms gemaak het, was die tyd reg. Eweneens het vername persone as "almanakke" gefunksioneer. Tydsberekennings is gewoonlik met hulle daade in verband gebring. Die datering van Jesus se geboorte is 'n sprekende voorbeeld in dié verband. Matteus en Lukas vermeld nie 'n dag en datum soos wat ons as Westerse mense sou doen nie, maar verbind Jesus se geboorte aan die regeringstyd van keiser Augustus, asook aan die tyd toe Herodes as koning oor Palestina regeer het.

Mediterreense mense rondom die eerste eeu het die tyd dikwels ook met belangrike gebeure in verband gebring. (Ons voorouers het soms ook sodanige tydsaanduidings benut. Dink maar aan uitdrukkings soos: "in die tyd van die groot griep" of: "in die tyd van die groot depressie"). Jesus maak volgens die Sinoptiese Evangelies dikwels van "gebeuretyd" gebruik. Hy "dateer" byvoorbeeld die laaste dae deur te verwys na die aanwesigheid van gebeure soos aardbewings, oorloë, en valse messiaanse figure (Mark 13; Matt 24). Vir die aanvanklike lesers/hoorders, wat nie aan die tyd in terme van 'n sikliese opeenvolging van gebeure gedink het nie, het die aanwesigheid van hierdie gebeure sowel die *aard* as die *stand* van die tyd bepaal. Dit het met ander woorde vir hulle gesê dat (a) die laaste dae aangebreek het, en (b) dat die tyd se uurglas leeggeloopt het - God se splinternuwe wêreld kan nou enige oomblik aanbreek. Om nou allerlei abstrakte datums aan hierdie eindtyd-gebeure in 'n teks soos Markus 13 te wil koppel, soos wat sommige Bybellesers vandag doen, is om die Nuwe-Testamentiese siening van tyd mis te verstaan.

## **2.2 Die volgorde: Hede, verlede, toekoms; nie hede, toekoms, verlede nie!**

Tipiese Westerse tydsoriëntasies beweeg gewoonlik vanaf die hede na die toekoms. Die sin van die lewe lê grootliks in die dag van môre met al sy nuwe moontlikhede opgesluit. Wanneer môre egter nie veel hoop bied nie, is die hede onseker, uitsigloos. Die verlede speel gewoonlik nie 'n dominante rol in moderne mense se lewe nie. In 'n sekere sin sou ons kon sê dat mense vandag met hulle rug op die verlede gekeer staan, terwyl hulle die toekoms in die oë kyk. Hierteenoor staan tipiese antieke Mediterreense mense weer met hulle rug op die toekoms gekeer, terwyl hulle die verlede in die oog kyk. Met behulp van lesse wat hulle uit die verlede geleer het, stap hulle die toekoms as 't ware agteruit binne.

In ou Israel en in die Nuwe Testament het God se reddingshandelinge in die geskiedenis betekenis aan mense se huidige bestaan verleen. Dink maar aan die rol van die groot godsdienstige feeste in Israel waar God se verlossingshandelinge in die verlede telkens feestelik herdenk is. Wanneer Bybelse gelowiges individuele krisisse beleef het, het hulle ook gereeld oor hulle skouer na God se handelinge in die verlede gekyk. So kon Asaf byvoorbeeld in Psalm 77 sy eie krisis rondom die oënskylike onbetrokkenheid van God ondervang deur na God se reddingsdade tydens die uittog van Israel terug te kyk. Op sy beurt kon Petrus in 2 Petrus 3 die probleem rondom die wegbly van die wederkoms aanspreek deur sy hoorders te wys op God se optrede ten tye van die watervloed in Noag se tyd. Gelowiges in die Nuwe-Testamentiese tyd het geweet dat God se handelinge in die verlede die sleutel was om sy optrede in die hede en in die toekoms te verstaan. In hierdie verband het die *kruisgebeure* natuurlik 'n allesoorheersende impak op die vroeë Christene se eksistensie, op hulle hier en nou, asook op hul sieninge van die toekoms uitgeoefen.

## **2.3 Die toekoms pas nie soos 'n almanak in jou hand nie**

Westerse mense dink gewoonlik aan die toekoms as 'n stel datums wat in almanakvorm vasgevang is en waarvoor daar ver vooruit beplan kan word. Kenmerkend van die moderne mens se behoefte aan die beheer van sy/haar omgewing, is ook die behoefte om die tyd kwantifiseerbaar, beheerbaar, en dus so voorspelbaar as moontlik te maak. Hierteenoor het tipiese Mediterreense mense rondom die eerste eeu nooit aan die tyd gedink as 'n stel vaste datums wat geslagte ver die toekoms in strek nie. Binne 'n samelewing waar slegs sowat 3-5% van alle mense kon lees en skryf, en waar die gemiddelde lewensverwagting nie eens 16 jaar was nie (50% van alle persone was reeds dood op ouderdom 16, terwyl slegs 25% van alle

mense ouer as 26 geword het), was dit 'n daaglikse stryd om te oorleef. Aangesien die meerderheid mense onder die broodlyn geleef het, was daar weinig belangstelling in 'n gesistematiseerde refleksie oor die toekoms. Die bevrediging van die mees basiese behoeftes aan kos, klere en veiligheid het meeste van hulle tyd in beslag geneem. Belangstelling in die toekoms was hoogstens beperk tot die onmiddellike toekoms van die betrokkenes en hulle kinders. (Die toekoms was dus altyd "my/ons toekoms").

Bybelse profete het hulle nooit aangebied as toekomsvoorspellers, as tipe waarsêer-figure nie. Vele persone wat hulle vandag besig hou met die bestudering van die eindtyd neem Bybelse profesie as toekomsvoorspellings op waarvolgens elke moderne krisis en gebeurtenis op die wêreldfront duisende jare gelede haarfyn voorspel is. Dit blyk byvoorbeeld uit iemand soos Walvoord se definisie van profesie: "Prophecy is the doctrine of Scripture dealing with predictions of events that will occur in the future"<sup>6</sup>. Daarom kan Walvoord ook die volgende stelling maak: "About one-fourth of the Bible is predictive prophecy. About half of these prophecies have already been fulfilled very literally. This leads to the conclusion that prophecies yet to be fulfilled will have the same kind of literal fulfillment"<sup>7</sup>. Bybelse profete het egter nie nie honderde of selfs duisende jare vooruit in die geskiedenis probeer kyk en daarna vir die mense van hulle eie tyd wysgemaak wat *eendag* met *ander mense* iewers ver vorentoe gaan gebeur nie. Profete het God se wil aan hulle eie hoorders bekend gemaak, asook die implikasies wat gehoorsaamheid/on gehoorsaamheid hieraan vir hulle hoorders se hede en onmiddellike toekoms ingehou het.

Van vroeg af was profesie binne Israel in vaste vorme gegiet (vgl by Am 1:5; Jer 29:20), en het dit ook bepaalde strukturele kenmerke vertoon. So tref ons byvoorbeeld gereeld aankondigings van oordeel en redding aan (Jes 3:12; Jer 32:37), asook trooswoorde (Jes 41:8-13), vermanings (Hos 6:1-6), endiesmeer. In die Nuwe-Testamentiese tyd was profesie eweneens ook in identifiseerbare vorms gegiet, soos trooswoorde (2 Kor 12:9); voorskriftelike profetiese uitsprake (Gal 5:21; 2 Tess 3:6-12); aankondigings van oordeel en redding (Mark 13:14-18; Hand 5:1-11; Op 14:13), en eskatologiese uitsprake (Rom 11:25-26; 1 Kor 15:51-52; 1 Tess 4:16-17)<sup>8</sup>. Bybelse profete het op die brug tussen God se wêreld en die mensewêreld gestaan. Hulle moes dit wat hulle by God gehoor het vir die mense van hulle eie tyd oortel, sodat laasgenoemde daaglik tot eer van God kon leef.

### 3 JESUS VERANDER DIE AARD VAN DIE TYD PERMANENT

#### 3.1 Die koninkryk vul die ganze tyd

Die Ou-Testamentiese profete maak dikwels melding van “die laaste dae” (bv Jes 2:2; Hos 3:5; Jer 23:20). Ook binne apokaliptiese literatuur kom sporadiese verwysings hierna voor (bv Dan 2:28). Die goeie nuus van die Nuwe Testament is egter dat hierdie laaste dae finaal met Christus se aardse optrede en met die uitstorting van die Gees (Hand 2; Heb 1) aanbreek het. Die laaste dae lê dus nie nog iewers vorentoe op die kerk en wag nie.

Volgens die Sinoptiese tradisie kondig Jesus aan dat die koninkryk, God se nuwe wêreld, met sy eie optrede aanbreek (Mark 1:14-15; Matt 4:17). Anders as in die Joodse apokaliptiese geskrifte breek die heil dus volgens Jesus midde in die geskiedenis van die mensdom aan. Die wêreld hoef nie eens vernietig te word voordat God se redding kan realiseer nie. Jesus se wonderdade en sy verkondiging bring die splinternuwe Godsryk tot digby die mense (Luk 10:18; 11:20; 17:20-21). Die “volheid van die tyd” waarvan die Ou Testament ook al gewag gemaak het (1 Kon 8:15; 2 Kron 36:21-22), is met ander woorde nou hier. Die kerk het sodoende deel aan ’n splinternuwe era waartydens die goddelike misterieë ontsluit word (1 Kor 2:6-10; Kol 1:25-27; Ef 3:4-11)!

#### 3.2 Jesus maak die tyd heilig, sewe dae per week

In die Misjna traktaat *Mo’ed* tref ons ’n tipiese skematisering van heilige tye binne die Joodse wêreld rondom die Nuwe-Testamentiese era aan. Die sabbat verskyn hier heel bo aan die leer, gevolg deur die pasga, die versoendag, die tabernakelfees, algemene feesdae, die nuwejaarsfees, vasdae, en die purimfees<sup>9</sup>. Veral die sabbat, as heiligste dag op die Joodse kalender, is gekenmerk deur die nakoming van uiters streng reëls (sien die Misjna-traktaat: *Sjabbat*). Binne die Nuwe Testament is daar egter ’n duidelike beweging te bespeur weg van die viering van afsonderlike heilige dae af na die viering van die tyd *per se* as deel van God se nuwe bedeling wat midde in die geskiedenis aanbreek het. Christus se optrede verander die aard van die tyd sodanig dat die skematisering van sogenaamde heilige en gewone tye oorbodig geword het. Die ganze tyd, van Maandag tot Sondag, is nou splinternuut.

Jesus se negatiewe evaluering van die viering van die Joodse sabbat binne die Sinoptiese tradisie is goed bekend (vergelyk Mark 2-3; Matt 12). So ook die standpunte van Paulus, wat in lyn met sy stelling dat iemand wat in Christus is ’n splinternuwe skepping is (2 Kor 5:17), baie skepties

staan jeens die viering van Joodse heilige dae (Gal 4:8-11; Kol 2:16). Omdat Christus die ganse bestaansfeer waarbinne gelowiges hulle bevind met sy teenwoordigheid vul, is tyd as sodanig nou vir gelowiges “heilige tyd”. In die woorde van die Hebreërbrief het Christus die sabbatsrus vir sy kerk laat aanbreek. Daarom moet gelowiges elke dag, sewe dae per week, die sabbat vier deur te “rus” van die slawerny van sonde. Die sabbat kry volgens die Nuwe-Testament sy ware betekenis wanneer gelowiges die ganse tyd vul met dade van ontferming jeens ander.

Die Johannesevangelie is so aangegryp deur die nuwe moontlikhede wat die hede inhou as gevolg van Christus se heilsoptrede in die verlede dat daar bykans geen woord oor die toekoms gerep word nie. Christus, die mensgeworde Woord, het gelowiges se lewe so omvattend met sy *doksa*, sy heerlikheid, kom verlig dat hulle nou reeds sy volle heil ervaar (Joh 1:1-18; 6:22-40). Die hede is sodoende vir Johannes tot oorlopende toe vol troos en heil. Gelowiges wat nou reeds deel het aan die ewige lewe, kan met hulle oog gevestig op die mensgeworde Woord, die toekoms met vertroue binnestap.

#### **4 IETS GAAN BINNEKORT GEBEUR! NUWE-TESTAMEN- TIESE SIENINGE VAN DIE TOEKOMS**

##### **4.1 “Nognie”, maar hierdie “nognie” is nie te ver nie!**

Al weet die Nuwe-Testamentiese skrywers dat die hede gevul is met Christus se reddende teenwoordigheid, weet hulle ook dat die heil nog iewers in die toekoms volledig moet realiseer. Gelowiges bevind hulle sodoende op ’n hoogspanningsdraad tussen die “reeds” (= die heil wat met Christus se koms sigbaar geword het), en die “nognie” (= die heil wat met God se finale ingrype in die geskiedenis sal waar word). Vandaar dan ook die uitsprake in die Sinoptiese Evangelies rakende die tekens van die tyd en die komende eindoordeel (Matt 24-25; Mark 13). Vir die Nuwe Testament is die finale realisering van God se heerskappy egter voor die deur; binne die afsienbare tyd. Neem maar net Jesus se bekende woorde oor die aanbreek van die koninkryk wat deur die aanhoorders beleef sal word, of Paulus se verwysing na “ons wat nog sal leef by die wederkoms” (Mark 9:1; Matt 24:34; 1 Tess 4:17).

Teologiese werke oor die sogenaamde “Naherwartung” van die eerste Christene en die probleme rondom die wegbly van die wederkoms is goed bekend<sup>10</sup>. Baie van hierdie vrae rakende die “oorentoesiastiese” verwagting van die wederkoms onder die eerste gelowiges kan egter ondervang word deur ’n grondige kennisname van heersende opvattinge



oor tyd rondom die eerste eeu. In lyn met algemene persepsies oor die toekoms, het die Nuwe-Testamentiese skrywers die toekomstige realisering van God se ryk spoedig verwag. As kinders van hul eie tyd wat nie aan die toekoms as 'n lang uitgerekte tydperk in almanakvorm gedink het nie, kon hulle nie anders nie as om die toekomstige realisering van God se ryk met hulle eie toekoms in verband te bring nie.

#### **4.2 Probleme met die wegbly van die wederkoms?!**

Die eerste gelowiges het spoedig met 'n paar vrae rondom die wegbly van die wederkoms opgeskeep gesit. Die grootste probleem was ongetwyfeld die afsterwe van gelowiges (1 Tess 4; 2 Pet 3). “Wat gebeur met die dooies? Gaan hulle ook uit die dood opstaan?” “Is God nie dalk laat vir sy afspraak met die wêreld nie?” Hierdie tipe vrae het spoedig op die tafel van die Nuwe-Testamentiese skrywers beland.

In *1 Tessalonisense*, waarskynlik die vroegtes geskrif in die Nuwe Testament, skryf Paulus reeds dat die dood geen probleem is nie. Diegene wat reeds in Christus gesterf het, sal inderdaad opstaan en saam met dié wat nog lewe die Here tegemoet gaan in die lug (1 Tess 4:13-18)<sup>11</sup>.

Op sy beurt sê Petrus in *2 Petrus 3*:

(i) God is nog glad nie laat vir sy finale afspraak met die wêreld soos wat party spotters dink nie. Sy koms staan vas. Tans is Hy maar net geduldig met sondaars. Hy wil nie hê dat hulle verlore gaan nie (vers 9). Die wegbly van die wederkoms staan sodoende vir Petrus in direkte verband met die aanwesigheid van ('n oormaat) ongelooft.

(ii) God se manier van tydsberekening is anders as dié van mense (vers 8). Hy is verheve bokant menslike sienings van tyd en mensgemaakte almanakke. Daarom is God glad nie gebonde aan (Mediterreense) mense se verwagtings van 'n nabye wederkoms nie.

(iii) Die terugkoms van die Here sal onverwags wees, soos 'n dief in die nag (vers 10). Hierdie motief loop trouens soos 'n goue draad deur die meeste Nuwe-Testamentiese uitsprake oor die wederkoms (Matt 24; 1 Tess 5; Op 16). Vir die Nuwe Testament is die datum van die Seun van die mens se terugkoms hoegenaamd nie berekenbaar nie. Dit kom uit die bloute! Om oor die dag en datum van hierdie dag te spekuleer, is futiel. Die enigste “korrekte” voorbereiding vir die komende dag van die Here is om elke dag in gehoorsaamheid aan sy voorskrifte te leef.

(iv) Gelowiges se gehoorsaamheid aan God en hul betrokkenheid by die uitdra van die evangelie het 'n impak op die datum van die wederkoms (vers 12). In lyn met ander Nuwe-Testamentiese uitsprake dat gelowiges die dag van die Here moet nader bid en nader leef (Matt 6:10; 24:14; Luk

18:1-8; Op 22:7, 12, 17), aanvaar Petrus eweneens dat gehoorsaamheid aan God die groot pilaar van die wederkoms (waarop die “einde van die eindtyd” rus) kan nader trek. Gelowiges bevind hulleself dus binne ’n spanningsveld met betrekking tot die datum van die dag van die Here: Aan die een kant skuif die (toenemende) ongelooft hierdie pilaar nog verder die toekoms in (vers 9), maar aan die ander kant trek die verkondiging van die Goeie Nuus hierdie pilaar nader<sup>12</sup>.

### **4.3 ’n Paar dinge moet eers gebeur voordat die einde kom**

Alhoewel daar ’n sterk wederkoms verwagting onder die vroeë Christene geleef het, sê die Nuwe Testament tog ook op ’n paar plekke dat die Seun van die mens dalk nog ’n rukkie kan talm voordat Hy terugkeer. Reeds in 2 Tessalonisense 2-3 waarsku Paulus teen ’n oorspanne wederkoms-verwagting wat maak dat individue op ’n onverantwoordelike wyse hul sosiale verantwoordelikhede ontduik ten einde die wederkoms in te wag. Volgens Paulus moet daar kennelik nog ’n klompie dinge voor die wederkoms gebeur (soos die verskyning van die wettelose mens). In Matteus 24-25 hoor ons ook die verhaal van ’n huisheer wat vir ’n lang tyd op reis gaan, asook die verhaal van ’n bruidegom wat eers na middernag sy opwagting by die troue maak, wat beide ’n bepaalde tydsverloop tot by die wederkoms veronderstel. Sonder om by die komplekse teologiese debatte rondom hierdie tekste se beklemtoning van die langer tydsverloop tot by die wederkoms stil te staan, blyk dit tog dat gelowiges van vroeg af gehoor het dat hulle verwagting van die wederkoms nie tot onverantwoordelike gedrag moes aanleiding gee nie.

## **5 WAT VAN OPENBARING?**

In pas met die res van die Nuwe Testament wil Openbaring niks anders sê en doen as om Christus se heerskappy oor die kosmos, en sy beheer oor die geskiedenis uit te beeld nie<sup>13</sup>. In beeldryke taal (wat grootliks uit die Ou Testament ontleen word) vertel Johannes vanuit verskillende perspektiewe die verhaal van Jesus se groot triomf. Hy wil hoegenaamd nie vir mense tweeduisend jaar verder die toekoms een of ander almanak in die hand stop sodat hulle hulle eie omstandighede op ’n een-tot-een wyse daaruit kan aflees nie.

### **5.1 Drie kyke na Christus se triomf**

Ten einde Openbaring se boodskap na behore te verstaan, moet dit gelees word as deel van die groot oorwinning van Christus. Op drie plekke in die

verhaal (Op 5; 12; 20) teken Johannes vir ons die implikasies van Jesus se oorwinning wat wat met Christus se hemelvaart 'n aanvang neem:

a. In *Openbaring 5* verneem ons dat Jesus direk na sy hemelvaart as Oorwinnaar in die hemel gekroon word. Hy staan voor God se troon as die geslagte Lam wat alle mag in die hemel en op aarde besit. Daarom kan Jesus die boekrol uit God se regterhand neem. Hierdie boekrol is God se raadsplan, na sy bloudruk vir die res van die wêreldgeskiedenis tot en met die wederkoms.

b. In *Openbaring 12* vertel Johannes van 'n tweede gebeurtenis wat in die hemel afspeel ten tye van Jesus se kroning as Heerser oor die heelal. Die draak, oftewel Satan, storm naamlik die hemel in om die Kind (Christus) aan te val. Hy loop eger sy rieme styf omdat God sy engele stuur om met die draak af te reken.

c. In *Openbaring 20* hoor ons dat Christus na sy hemelvaart en kroning as Hemelvors vir 'n duisend jaar lank in die hemel regeer. Hierdie duisend jaar is 'n simboliese getal. Netsoos die ander getalle in Openbaring moet dit nie letterlik verstaan word nie. Dit dui aan dat Christus vir die volle tyd tot by sy wederkoms aan die stuur van sake in die heelal staan. Volgens Openbaring 20:1-3 word Satan gedurende hierdie tydperk in die onderaardse diepte ingeperk sodat hy nie met sy naakte mag in die wêreld kan optree nie. Aan die einde van die tyd, direk voor die groot oordeel van God, word hy weer losgelaat net om direk daarna vernietig te word. Gelowiges wat intussen sterf, sluit volgens Op 20:4-5 na hulle dood by Christus in die hemel aan om vir die volle duisend jaar tot by die wederkoms saam met Hom te regeer.

## 5.2 Duisend jaar en 42 maande: een en dieselfde tydperk

Terwyl Christus se hemelse regering nou aan die gang is (die simboliese duisend jaar), verloop daar volgens Johannes terselfdertyd 42 maande van swaarkry hier op aarde (13:5). (Dit word ook uitgebeeld as 1260 dae [11:3], of drie en 'n half dae [11:11].) Hierdie 42 maande simboliseer die tydperk op aarde tot en met die wederkoms. Johannes wissel sy evaluerende gesigspunt deur die loop van Openbaring gedurig af tussen die tydperk van menslike swaarkry hier op aarde (= 42 maande), en die tydperk van triomf in die hemel (= 1000 jaar). In die woorde van Openbaring 11 is die aardse kerk soos twee getuies (Moses en Elia) wie se liggame gedurende die drie en 'n half dae van swaarkry (die ganse tyd tot by die wederkoms) in die strate dood sal lê. Maar aan die ander kant sluit gelowiges wat voor die finale oordeel sterf hulle by die triomferende kerk in die hemel aan waar Christus as Koning regeer.

Tydens die 42 maande van swaarkry is 'n Sataniëse trio volgens Openbaring 12-13 met groot aandrang onder mense aan die werk. In Openbaring 13:11 lees ons onder andere hoedat een van hulle, die dier uit die aarde, 'n universele merk op alle mense se regterhand en voorkop plaas. Teenoor hierdie Satansmerk wat op almal op aarde, klein en groot, ryk en arm, geplaas word, vertel Johannes in Openbaring 14:1-2 egter dat Christus sy eie naam en sy Vader se naam op diegene ingraveer wat aan Hom behoort. Anders as die ongelowiges wie se voorkop (as simboliese aanduiding van hul denke) en hul regterhand (as simboliese aanduiding van hul dade) gebrandmerk is, dra Christene God se merk. Hulle name staan ook in die boek van die lewe. Vir Johannes is daar dus geen neutrale terrein nie. Alle mense op aarde staan of onder die heerskappy van of God, of onder beheer van die godlose teenmagte. Maar Johannes wil die kerk ook troos met die goeie nuus dat Jesus reeds gewen het. Hy is Triomfator oor al die magte wat tyd en ewigheid in sy hand balanseer. Diegene wat aan Hom vashou, is seker van hul plek in die nuwe Godstad!

## 6 SLOTOPMERKINGS

Belangstelling in die eindtyd gaan gedurende die loop van hierdie jaar ongekende afmetings aanneem. Vir miloene mense regoor die wêreld is 1999 die laaste sandkorrels in die groot uurglas van die tyd soos wat ons almal dit ken. Daarom sal baie mense hierdie jaar na Jerusalem stroom omdat hulle glo dat die Messias sy opwagting iewers deur die loop van die jaar daar op die Olyfberg gaan maak. Baie ander sal hulle besittings verkoop, of in die Vatikaanstad gaan troos soek, of wag op die wegraping. Aangevuur deur sekere predikers en geskifte oor die laaste dae, sal baie individue en groepe hulle sosiale verantwoordelikhede oorboord gooi ten einde in afsondering van die sondige wêreld in te wag.

Die Nuwe Testament sê vir ons dat die einde naby is, maar tog kan hierdie einde nie op 'n almanak met dag, datum en al vasgepen word nie. Die dag van die Here kom onverwags. Ten spyte van al die slegte gebeure wat aankondig dat die einde oppad is, kan die datum van die dag van die Here nooit bereken word nie. Want die tekens van die tyd is enersyds te vaag, en andersyds dinamies, herhaalbaar van aard. Dinge soos oorloë, aardbewings, en valse messiaanse figure was immers nog altyd aan die orde van die dag. Al wat gelowiges uit die Nuwe Testament se "kalenders" kan aflees, is dat die einde op hande is; die aard van die tyd het immers met Christus se koms radikaal verander. Daarom moet elke dag gevul word met gehoorsaamheid aan God, en met die doen van goeie dade aan

ander (Matt 25:31-46). Gelowiges moet God se groot dag aktief inwag, werksaam in sy wingerd. En met die woorde op hulle lippe: “Maranata, Kom Here!”.

## NOTAS:

- 1 J Hagee, *Beginning of the end: The assassination of Yitzhak Rabin and the coming antichrist*, Nashville 1996, 20 vv. Aldus Hagee gaan ons nou die tyd binne dat 'n teks soos Openbaring 11 (waar daar sprake is van die twee getuies wie se dooie liggame vir drie en 'n half dae deur die hele wêreld gesien kan word) uiteindelik bewaarheid kan word, aangesien moderne kommunikasie media (satelite, internet en CNN televisie) tot 'n paar jaar gelede nog nie bestaan het nie.
- 2 Om sin te probeer maak van Openbaring, neem Napier Daniël se profesie van die sewe sewentig jaar-weke in Daniël 9 as 'n letterlike tydperk van 490 jaar. Hierdie tydperk verdeel hy dan in die helfte. Op grond hiervan werk Napier uit dat daar sowat elke 245 jaar in die geskiedenis een of ander belangrike wêreldmag op die toneel verskyn of tot 'n val sal kom. Aan die hand van sy vindingryke skema poog Napier vervolgens om die sewe trompette en die sewe oordeelsbakke waarvan Openbaring praat aan sekere wêreldryke deur die loop van die geskiedenis te koppel. Volgens sy berekenings sou die laaste trompet in die jaar 1541 met die Reformasie begin blaas en tot in 1786 duur. Die finale stryd tussen Christus en die antichris sou in die jaar 1639 begin. Christus self sou in 1688 terugkeer na die aarde toe, waarna Hy tot en met 1786 al die uitverkorenes sou insamel. Napier se geskrif het 'n geweldige invloed op mense in Europa uitgeoefen. Bo en behalwe die feit dat dit drie maal herdruk is, is dit ook in Duits, Frans en Nederlands vertaal en later in 'n verkorte weergawe as “The bloody almanack” (1643 en 1647) gepubliseer.
- 3 H Lindsey, *Planet Earth. The Final Chapter*, Beverly Hills 1998, 86.
- 4 Vergelyk B Heininger, *Paulus als Visionär. Eine religionsgeschichtliche Studie*, Freiburg 1996, asook F Hahn, *Frühjüdische und urchristliche Apokalyptik*, Neukirchen-Vluyn 1998, vir goeie oorsig oor tipiese aspekte van die Joodse en vroeg-Christelike apokaliptiek.
- 5 Vergelyk B J Malina, J G van der Watt & S J Joubert, *Vensters wat die Woord laat oopgaan*, Halfweghuis 1995, 101-117 vir 'n meer volledige bespreking van tipiese Mediterreense konsepte van tyd.
- 6 J Walvoord, *The final drama. Fourteen keys to understanding the prophetic structure*, Grand Rapids 1997, 6.
- 7 Walvoord, *a w*, 6.
- 8 sien in hierdie verband die indrukwekkende werk oor Bybelse profesie van D E Aune, *Prophecy in Early Christianity and the ancient Mediterranean world*, Grand Rapids 1983.
- 9 B J Malina & J H Neyrey, *Social-Science Commentary on the Gospels*, Minneapolis 1992, 73.
- 10 'n Nuttige oorsig oor gesaghebbende teoloë se menings in hierdie verband word aangebied in W Willis (ed) *The Kingdom of God in 20th-century interpretation*, Peabody 1987.

- 11 In sy monumentale werk op die Pauliniese kronologie, bied R Riesner *Paul's Early Period. Chronology, Mission Strategy, Theology*, Grand Rapids 1998, 'n goeie bespreking aan van sowel die aard van die eskatologiese verwagtinge van die gelowiges in Tessalonika, as Paulus se respons in dié verband.
- 12 Vergelyk ook die goeie eksegetiese analise van A Vögtle, *Der zweite brief des Petrus und der Judasbrief*, Zürich 1994, in hierdie verband.
- 13 Sien die monumentale kommentare op Openbaring deur D E Aune.